3 Julie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 17

e Hervormer
www.hervormer.co.za

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Voorblad

Groete en seënwense:
NHSV KONGRES 2008

Die 45ste Nasionale NHSV Kongres vind van Donderdag 3 tot Saterdag 5 Julie plaas in die AULA van die Universiteit van Pretoria. Die tema is:
Waar U gaan sal ek gaan…

Die tema word toegelig deur drie sprekers:

- Prof Theuns Dreyer: Die geborgenheid in die geloofsgesin.
- Dr Wilhelm Coetzer: Stukrag in die geloofsgesin.
- Me Freda Wilkens: Die geloofsgesin van môre.

Die fasiliteerder is prof Piet Geyser.
Verskeie belangrike beskrywingspunte sal aan die orde kom:

- NHSV Dinamies vorentoe.
- Verhouding tussen die diakens en die NHSV.
- Traumabegeleiding en ondersteuning aan getraumatiseerde lidmate in gemeenteverband.
- Bemagtiging van mishandelde vroue.
- MIV/vigs: Stop die stigma!
- Drank- en dwelmgebruik.
- Dissipline in huise en skole en die gemeenskap. Me Ansie Kitching sal 'n inset lewer.
- Armoedeverligting: fisies en geestelik. Dr Dawie Theron van Helpende Hand sal 'n inset lewer, ook ten opsigte van Sol-Tech.

Tydens die openingsaand tree Wim Viljoen en Walter Johannes op; Vrydagaand 4 Julie tree Oorwinningskinders op en Saterdagoggend nog vier jong Hervormers. 'n DVD-aanbieding, *Hervormde vrou die afgelope eeu*, sal ook tydens die openingsaand vertoon word.

Die *e-Hervormer* bid die bestuur en afgevaardigdes 'n geseënde kongres toe.

Kerknuus

NUUS OOR PREDIKANTE

►**Dr Wouter van Wyk,** die nuut benoemde Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, het met sy werk begin. Hy werk nou saam met dr Wian Kloppers wat oor etlike jare al die bestuurswerk van SENTIK gedoen het naas sy verpligtinge by *Konteks*. Dr Van Wyk hanteer in die toekoms ook kommunikasie. Daar word daarna uitgesien om saam met hom te werk. Hy is goed toegerus vir sy taak en sien daarna uit om die groot uitdaging aan te pak. Die Kerk se beste wense vergesel hom en voorbidding word vir hom en sy gesin gedoen.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:	**E-posadresse:**
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za	Redaksie - epos@hervormer.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za	Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

► **Ds Petrus Harmzen** word op Sondag 6 Julie 2008 deur Gemeente Gerdau ontvang. Hy word ook by die geleentheid in sy amp bevestig as deeltydse predikant en lewer sy intreepreek. Hy is ook deeltydse predikant van Gemeente Hartbeesfontein.

►Dit gaan onder omstandighede goed met **dr Wimpie van Schoor** na die afsterwe van sy vrou 'n tydjie gelede. Dr Van Schoor hanteer sy gemeentewerk ten volle soos in die verlede en sorg self vir sy drie kinders van 10, 6 en 4 jaar onderskeidelik. Sy gemeente het 'n ondersteuningstelsel opgebou om hom by te staan om sy werk te doen en sy kinders te versorg. Predikante wat meen hulle werk hard en dra baie verantwoordelikhede, kan oor dr Van Schoor se lewe en werk nadink. Miskien is ons verpligtinge en werk tog nie so baie nie. Die Kerk se voorbidding word steeds vir dr Van Schoor en sy kinders gevra.

►**Dr Elsabé Kloppers** is terug van 'n baie suksesvolle besoek vanuit IKSA aan die Suid- en Wes-Kaap. Sy het verskeie toerustingsgesprekke met predikante, orreliste en lede van eredienskomitees gehad. Sy het ook die Himnologiekursus op Stellenbosch aangebied en het op uitnodiging as orrelis opgetree in die feesdiens van Gemeente Swellendam, waartydens dr Fanie Pretorius as prediker opgetree het. Dr Wian Kloppers het terselfdertyd interessante berigte en verhale versamel wat in die volgende uitgawes van *Konteks* sal verskyn.

BEDIENINGSNUUS

■ Ds Leon Nell werk tans as brugpredikant in **Gemeente Noordrand**. Hy lei eredienste en doen ook by al die gesinne huisbesoek. Die gemeente is vakant sedert die aftrede van ds Hennie Retief. Daar moet ernstig deur die gemeente besin word oor die toekomstige bearbeiding en verskeie probleme sal aandag geniet, onder meer die uitgestrektheid van die

gemeente, die vermindering van lidmate en die feit dat die pragtige en doelmatige gebouekompleks omring word deur plakkerskampe.

■ Die ringskommissie van Bronkhorstspruit onder leiding van die voorsitter, ds Naas Lombaard, voer op 28 Julie samesprekings met afvaardigings van die gemeentes **Witbank en Witbank-Noord** oor die moontlike sluiting van ’n kombinasie. Dit gaan baie goed in Gemeente Witbank onder die bearbeiding van ds Fanie Beukes. Witbank-Noord, wat vakant is sedert die vertrek van ds Stephan Opperman, moes opnuut besin oor sy bediening in die lig van dalende lidmaatgetalle. ’n Kombinasie tussen die twee gemeentes sal veral Witbank-Noord help om moontlik in die toekoms weer volledig en selfstandig voort te bestaan. Die gewilligheid van Gemeente Witbank om na sy dogtergemeente om te sien, word waardeer. Dit is die gesindheid waarin daar in die Kerk gewerk moet word.

■ **Situasie van lidmate in Zimbabwe**
Dit gaan onder omstandighede goed met die lidmate in Zimbabwe. Almal is nog vol moed dat ’n oplossing vir die land se probleme bereik sal word. Dit kom egter voor of lewensomstandighede nog meer onder druk geplaas gaan word met moontlike verdere sanksies, wat die beskikbaarheid van kos nog verder sal laat versleg.

Die twee predikante wat Harare en Bulawayo in Julie besoek, het voorlopig die besoekdatums uitgestel. Die besoek moet egter deurgaan aangesien kosvoorrade deurgeneem moet word.

In die volledige weergawe is foto’s van die spens wat ingerig is by Gemeente Oos-Moot en behartig word deur mnr Hans Janse van Rensburg en sy vrou Lina. Hulle is die ouers van ds Hannes van Rensburg van Oos-Moot. Dié twee mense lewer ’n groot bydrae om die kruideniersware te ontvang, te orden en die waentjies te help pak vir elke maand se besoek. Nadat die waentjies vir Julie gepak is, sal die spens weer feitlik leeg wees. Maar gemeentes help steeds en die toevloei van kruideniersware en geld om kos mee aan te koop, is steeds wonderlik. Dank ook langs hierdie weg aan elkeen wat bydra, ook onbekendes wat nie hulle name genoem wil hê nie. Die Kerk in SA kom beslis sy verantwoordelikheid in hierdie verband na.

■ Gemeente Theresapark is op 23 Oktober vanjaar 25 jaar oud. Die geleentheid word feestelik gevier op Sondag 26 Oktober met ’n dankdiens om 10:30.

Die gemeente se kerkgebou is in Augustus 15 jaar oud. ’n Outydse feesbasaar word beplan vir Vrydag 5 September vanaf 16:00 by die kerkgebou, hv Springboklaan en Crocodileweg, Theresapark. Tradisionele basaargeregte sal te koop wees. ’n Uitstalling van oudhede, raakrugby (*touch rugby*) tussen ouderlinge en diakens, netbal tussen die NHSV en diakens, en perdekarritte vorm deel van die verrigtinge.

As iemand kan help met ’n perdekar, kan hulle met die gemeentelike kerkkantoor of ds Fanie Naudé in verbinding tree.

Alle oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleenthede. Vir meer besonderhede kontak ds Fanie Naudé by 012 542 1321 / 083 391 3151 of die kerkkantoor by 012 542 3568.

■ Gemeente Vaalpark vier die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 hulle 21ste bestaansjaar.

Ons wil graag alle oudlidmate en belangstellendes skriftelik nooi om die geleentheid by te woon.
Skakel gerus die gemeentekantoor by 016 971 1999 op Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 08:00 en 13:00 om u kontakbesonderhede deur te gee, of kontak Willa Rademeyer by 082 875 4663.
Die feesprogram is soos volg:

Vrydag 1 Augustus	:	19:00 tree die Albertonse Mannekoor op.
Saterdag 2 Augustus	:	08:00 Basaar
	:	16:00 Spitbraai
	:	18:00 word konsert gehou.
Sondag 3 Augustus	:	09:00 Erediens/Nagmaal en gemeente-ete

Navrae kan gerig word aan: Dorea du Bruyn, sekretariële beampte
083 225 7391

Advertensies en kennisgewings

● GEMEENTE OOS-LONDEN: VAKANTE DEELSORG PREDIKANTSTANDPLAAS

Aansoeke van geordende predikante van die Kerk word ingewag vir die vakante standplaas. Emerituspredikante wat bereid is om as ’n brugpredikant in die gemeente te werk, is ook welkom om aansoek te doen, maar voorkeur sal gegee word aan aansoeke van geordende predikante.

Gemeente Oos-Londen
Die grense van die gemeente is seelangs vanaf die Keiskammarivier in die suidweste tot Umtata in die noordooste, terwyl die landdrosdistrikte van King William’s Town, Stutterheim en Komga die binnelandse grens vorm. Weens die ontvolking van die platteland is die bedieningsarea van die gemeente egter tans beperk tot die stad Oos-Londen met twee buitewyke.

Die gemeente het op die oomblik 197 belydende lidmate en 32 nie-belydende lidmate, met ongeveer 108 besoekpunte. Weens die wye verspreiding van lidmate oor die stad, word tans net een erediens om 09:00 op Sondae gehou, met kategese direk daarna.

Aansoeke en verdere besonderhede
Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure en bepaalde gawes.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan: Oudl Freek Venter, Skriba, Posbus 2217, Beaconbaai (5205) of per e-pos: **freekv@absamail.co.za**
Verdere inligting kan van oudl Chris Dreyer by 083 268 1292 bekom word.
Sluitingsdatum: Maandag 28 Julie 2008

- **Pos: Orrelis/Musiekleier vir Gemeente Randburg**
  Take
  - Begelei sang tydens eredienste en ander byeenkomste tot 'n opbouende belewenis vir almal in die gemeente.
  - Bevorder die gemeentesang deur die aanleer van nuwe liedere soos ooreengekom met die predikante.
  - Adviseer die predikante op versoek oor die sang en musiek van die gemeente en stel weekliks die liturgie van elke erediens onder leiding van die predikante saam.
  - Identifiseer sangers en musikante in die gemeente en betrek hulle by kreatiewe geloofskommunikasie.

Vergoeding is in lyn met die voorgeskrewe skale en sal tydens die onderhoud onderhandel word.
E-posaansoeke tesame met 'n kort gepaste CV na ElnaV@nhk-randburg.org.za
Kan ook gefaks word na 011 787 4983.
Navrae kan gerig word aan ds CJ van Wyk by 011 787 3020.

■ **VAKATURE ORRELIS:** Gemeente Pretoria-Wes benodig so gou moontlik 'n orrelis. Vergoeding volgens die Kerk se riglyne, kwalifikasie en ondervinding. Rig aansoeke aan Hervormde Gemeente Pretoria-Wes, Posbus 19240, Pretoria-Wes 0117 of per e-pos aan nhkpretoriawes@nhk.co.za. Kontak die kerkkantoor by 012 327 2323 vir verdere inligting.

● **Aansoeke ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**
Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger in die plek van ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar. Uitgebreide besonderhede is beskikbaar in die volledige *e-Hervormer.*

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE
31 Augustus 2008

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum**.
Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008
Tyd: 18:00 vir 19:00
Koste: Kaartjies wissel van R120 tot R150 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.
Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 'n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam. Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392. **Maak gou. Hierdie is tans een van Suid-Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**

■ **Biltongfees: 5 Julie 2008 – Namibië**
Plek – Wanderers
Tyd – 08:00 tot baie laat!
Baie kos te koop met pryse tussen N$3 en N$45.
Vermaak met bekende kustenaars soos Kurt Darren, die Bosveldklong, NKD-meisies, Die Campbells, Marisa Hohne, Jesica Thomas en Alida Visser.
Aktiwiteite soos veiling, tuisnywerheid, Umpa-orkes, Mej Biltongfees, André die Sterkman, poppekas, rugby en uitstallers.
Vir die kinders, spookhuis, perdry, verfbal (*paintball*), tombola, lekkers en roomys, springkasteel, kermiswiel, *airborne*, tatoeëring, naelverf, haarkleur en hamerslaan.
Biltong en droëwors vir slegs N$20!
2 000 binne-parkeerplekke.
Prystrekkings en nog vele meer!
Kontak ds Drikus Engelbrecht by sailor@mweb.com.na

■ **Basaar en Trekkerskou**
Nederduitsch Hervormde Kerk, Middelburg, Mpumalanga
Datum: 2 Augustus 2008
Plek: hv Bhimy Dlamini (Voortrekkerstr) en Cowen Ntuli (Hendrik Potgieterstr)
Basaar bied: Stalletjies (kos en ander), speletjies asook stoomtrein- en trekkerritte vir die kinders
Trekkerskou bied: Uitstalling van ou en nuwe trekkers sowel as gerestoureerde trekkers + inligtingsboekie met besonderhede van trekkers wat op skou is
Kontak: 013 243 3949

■ **Jagkompetisie aangebied deur Gemeente Louis Trichardt**
'n Eland, blouwildebees en rooibok in 'n jagpakket teen net R150 per inskrywing! Dit is wat u kan wen. Die jaggeleentheid vir die wenner en een metgesel strek vanaf Donderdag 28 tot Sondag 31 Augustus 2008.

Die inskrywings sluit op 1 Augustus 2008. Gemeentes en skole kan gerus ook inskryf en, sou hulle wen, kan hulle óf die wild kom skiet óf dit weer as 'n kompetisie ten bate van hulle eie fondse aanbied.
Kontak ds Phillip Horn by 015 516 0550 of Willem van der Merwe by 082 257 7482.

Horison Bergfietspretresies
Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

■ **Biltongfees: 5 Julie 2008 – Namibië**
Plek – Wanderers
Tyd – 08:00 tot baie laat!
Baie kos te koop met pryse tussen N$3 en N$45.
Vermaak met bekende kustenaars soos Kurt Darren, die Bosveldklong, NKD-meisies, Die Campbells, Marisa Hohne, Jesica Thomas en Alida Visser.
Biltong en droëwors vir slegs N$20!
2 000 binne-parkeerplekke
Prystrekkings en nog vele meer!
Kontak ds Drikus Engelbrecht by sailor@mweb.com.na

■ **BUFFELFEES : 1-3 AUGUSTUS 2008**
Gemeente Marikana se jaarlikse Buffelfees vind plaas oor die naweek van 1 tot 3 Augustus 2008 by ATKV Buffelspoort. Sowat 4 000 mense word by die fees verwag.

Die fees begin die Vrydagaand met die gewilde storievertellervermaak, **Maak-'n-Las**, wat deur Zack du Plessis aangebied word. Kaartjies vir die vertoning beloop R200 per persoon en sluit 'n smullekker potjiekosete in soos net Andries Krogmann dit kan voorberei, asook 'n kaartjie vir die prystrekking van 'n jagpakket met 'n totale waarde van R35 000.

Vir **besprekings** van kaartjies vir Maak-'n-Las of stalletjies kan die volgende nommers geskakel word: Sarie (014 572 3125), ds Neels van Tonder (072 633 3367), Hennie (083 325 3177).

● **Gesprek van Moderamen met rade**
Die Moderamen voer in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek met rade van die Kerk oor hulle werkopdragte en probleme wat ervaar word. By sy vergadering in April is gesprek gevoer met die Raad vir Ekumene. By sy vergadering op 24 Julie voer die Moderamen met die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat gesprek. Die Welstandprogram vir predikantsgesinne sal veral aandag geniet.

● **Opdrag van die Algemene Kerkvergadering oor die vertaling van die belydenisskrifte**
In opdrag van die Algemene Kerkvergadering word etlike jare reeds gewerk aan die vertaling van die belydenisskrifte. By die 68ste Algemene Kerkvergadering is verneem dat die werk die vorige drie jaar nie gevorder het nie. Die taak is deur die huidige Kommissie opgedra aan die Tussenkerklike Raad (TKR). Drr Frans en Piet Boshoff, wat tevore baie met die vertalingswerk te doen gehad het, is benoem om ook verder daaraan deel te neem. Die 69ste Algemene Kerkvergadering sal hopelik resultate in dié verband onder oë neem.

● **Nuwe Kerkordes uiteindelik beskikbaar**
Die nuwe Kerkordes is op 2 Julie by die Kerkkantoor afgelewer. Indien daar nie weer foute is nie, word dit so gou moontlik aan skribas en predikante versend. Kerkrade word versoek om die koste van die Kerkorde vir die gemeente en die predikant te dra. Predikante word versoek om goed op die hoogte te bly met die Kerkorde.

● **Predikante: Gadeversekering en begrafnispolis**
Die Raad van Finansies het etlike jare gelede gadeversekering vir predikante moontlik gemaak, sowel as 'n begrafnispolis teen 'n minimale bedrag. Daar is nog predikante wat nie aan hierdie twee voorregte deel het nie. Predikante en kerkrade word dringend versoek om toe te sien dat hulle saak in orde is.

● **Die druk van die Diensboek in proses**
Die Raad vir Erediens is tans besig om die druk van die nuwe Diensboek af te handel. Twee boeke word gedruk. Die een bevat die belydenisskrifte en die tweede die res van die bestaande Diensboek.

● **Regstelling: *Eed van getrouheid***
Daar het die afgelope tyd mediaberigte verskyn wat onder meer daarop neerkom dat die drie susterskerke (by name die Hervormde Kerk ingesluit) die voorgestelde *Eed van getrouheid* vir skoliere wat deur die Departement van Onderwys voorgestel is, in beginsel ondersteun. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wil hom van dié berigte distansieer. Die Kommissie het in geen stadium oor die saak as sodanig gesprek gevoer voordat dit op grond van die mediaberigte onder die Kommissie se aandag gekom het nie. Die Kommissie het die saak na die Kerk se verteenwoordigers in die TKR (Tussenkerklike Raad) verwys vir navraag oor die oorsprong van die berigte. Die Kommissie het intussen ook die Raad vir Gesinsorg versoek om die voorgestelde *Eed van getrouheid* te ondersoek en om aan die Kerk leiding te gee in dié verband. Lidmate en vergaderings word versoek om die uitkoms van die ondersoeke af te wag.

— **Dr Daan van Wyk (jr)**